LIZA BOHLMANN

Inhoud

Vandeesweek val die kollig op produkte en dienste van maatskappye in die veebedryf.

Nuwe veilingkompleks is vir alle boere 62
Bereik optimale produksie met spoorminerale 64
Reeks entstowwe goeie nuus vir hoenderboere 66

Dié moderne hoendervoerfabriek van Meadow Feeds op Standerton behoort aan Astral. Dit het die vermoë om tot 80 ton voer per uur te maak, oftewel 40 000 ton per maand. FOTO'S: LIZA BOHLMANN

Moderne voeraanleg baat ook boere

Bekostigbare, goeie en veilige veevoer is onontbeerlik vir volhoubare veeboerdery. Veral intensiewe produksie-eenhede maak staat op die veevoerbedryf om insetkoste so laag moontlik te hou.

Tegnologie in die beheerkamers van veevoerfabrieke wat minder arbeid verg en streng voedselveiligheidsmaatreëls is hoog op die agenda van die veevoerbedryf wat planne moet beraam om die kosteknyptang na albei kante van die waardeketting te verlig.

Beleggings in tegnologie vandag sal in die toekoms sorg dat veevoerpryse nie weens ondoeltreffende vervaardigingsprosesse duurder word nie.

Gespesialiseerde voerprodukte kom nie sonder groot beleggings in vervaardigingsaanlegte nie. Met behulp van moderne tegnologie in beheerkamers en op die fabriekvloer, akkurate laboratoriumtoetse, gehaltebeheer en doeltreffende energie- en personeelbestuur streef maatskappye soos Meadow en ander lede van Afma daarna om op 'n ekonomies volhoubare manier veilige veevoer te vervaardig.

"Afma en sy lede word gesien as belangrike deelnemers in die graan- en oliesaadwaardeketting as mens kyk na die volumes wat dié lede gebruik in die voervervaardigingsproses," sê mnr. De Wet Boshoff, uitvoerende hoof van Afma.

Vertikale integrasie in die waardeketting dra by tot die verantwoordelikheid wat veevoermaatskappye het om veilige, bekostigbare voer te lewer. Van die groter maatskappy en lede van Afma is op dié manier dus groot verbruikers van grondstowwe, soos mielies, sojaboon- en sonneblomolie-koek, omdat hulle byvoorbeeld ook hul eie hoenderplase en vleisverwerkingseenhede het.

"Minder as 10% van Afma se lede vervaardig sowat 70% van die totale voer binne Afma-geledere. Dis sowat 6 667 000 ton voer in 2017-'18," sê Boshoff.

Dit maak Afma-lede as groep die grootste enkele verbruiker van mielies, sojabone en sonneblomme in Suid-Afrika. Hulle gebruik 40% van alle mielies, 110% van alle sojabone (waaronder ingevoerde soja-oliekoek) en 85% van alle sonneblomoliekoek.

Hierdie bydrae tot die landbou-ekonomie as kopers van graanprodusente se produkte en produkverskaffer aan die veebedryf, plaas veevoerverskaffers in 'n unieke posisie om die waardeketting te beïnvloed en tot voedselsekerheid in die land by te dra.

Van ál die vleissoorte is hoendervleis die gewildste onder Suid-Afrikaners. "Afma-lede is die hoofverskaffers aan die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf. Gemeet in randwaarde is die braaihoender- en eiersektor die grootste binne die Suid-Afrikaanse landboubedryf. Dit dra 18-20% van die totale landbou-BBP by en word op R55 miljard tot R60 miljard bereken. Lede van Afma het 'n bruto omset van sowat R30 miljard, en die totale nasionale bruto omset van alle veevoer is sowat R50 miljard.

"Kapitaalbeleggings deur Afma-lede in vervaardigingsinfrastruktuur, vervoervlote uitgesluit, word op sowat R10 miljard beraam," sê Boshoff.

BELÊ IN TOEKOMS

Om die omvang en waarde van beleggings in die toekoms van ▸

doeltreffende veevoerproduksie te wys, is die hoendervoeraanleg van Meadow Feeds by Standerton besoek.

Die aanleg is in 2014 gevestig en is in alle opsigte modern – van bestuursfilosofie tot die toerusting en tegnologie in die fabriek.

Meadow is deel van die Astral Foods-groep en is in 1942 gestig. Ván sy sewe veevoerfabrieke is dus reeds vir dekades in gebruik. Die ander meulens is in Delmas, Randfontein, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Ladismith en die Paarl. Vergelykings tussen ouer veevoerfabrieke en die nuutste een by Standerton wys duidelik hoe doeltreffendheid bydra tot veiliger voer vir veiliger voedselproduksie op 'n meer ekonomies volhoubare wyse.

VOORUITGANG

Die aanleg by Delmas is sowat 60 jaar oud en vervaardig veevoer vir verskillende diersoorte. Die grondstofinname beloop 60 ton per uur, en die meule kan 30 ton meel per uur lewer en 30 ton per uur meng. Voerkorrels word teen 45 ton per uur vervaardig deur drie 15 ton-verkorrelingsmasjiene. Die opbergingsvermoë by Delmas se aanleg is sowat 240 ton.

Die Standerton-aanleg vervaardig slegs hoendervoer. Sowat 240 ton grondstowwe word per uur ingeneem, en die meule kan 120 ton meel per uur lewer. Die mengvermoë is 80 ton per uur.

'n Tweefase-kondisioneringsproses volg voor die voerkorrels teen 80 ton per uur (twee 40 ton-verkorrelingsmasjiene) gelewer word. Die opbergingsvermoë vir die eindproduk is 1 440 ton.

Die doeltreffende aanwending van personeel beteken dat die aanleg slegs 45 heeltydse werknemers by die fabriek het (vervoer uitgesluit). Minder personeel, doeltreffender gebruik van elektrisiteit en beter ge-outomatiseerde prosesse sorg vir die kostedoeltreffender grootmaatproduksie van hoendervoer.

Outomatiese prosesse verhoog presisiebestuur in die nuwe fabriek. Alle grondstowwe in die vervaardigingsproses word per gelewerde vrag getoets vir gehalte en voedingstofinhoud sodat die formulering aangepas kan word indien nodig. 'n Voedingkundige is altyd aan diens om seker te maak dat die eindproduk binne streng gehalteperke bly. Toetse bepaal elke vrag se inhoud en samestelling vir proteïene, vog, vet, vesel, stysel, minerale en ander voedingstowwe. Toetse word ook gedoen om besmetting met skadelike stowwe, soos mikotoksiene, uit die waardeketting te hou.

Van links is mnr. Michael Schmitz, besturende direkteur van Meadow Feeds, me. Sheila Ross, bemarkingsbestuurder van Meadow Feeds, en mnr. De Wet Boshoff, uitvoerende hoof van Afma.

Standerton is as ligging gekies om naby 'n sojaboonpersaanleg én hoenderproduksie-eenhede in die streek te wees. Die fabriek kan uitbrei om toekomstige groei moontlik te maak. Tans word 73% van die uitsetvermoë benut, met produksie van gemiddeld 29 000 ton hoendervoer per maand (2018). Goldi, een van die hoendervleisprodusente aan wie die aanleg voer verskaf, verwerk 1,9 miljoen hoenders per week. Voer vir dié hoenders, wat miljoene mense van kos voorsien, moet dus onberispelik wees wat naspeurbaarheid en veiligheid betref. **LBW**

Meadow Feeds is sedert 1942 'n staatmaker verskaffer van hoë gehalte voer aan die Suid Afrikaanse veebedryf. Ons uitsonderlike kennis en ervaring verdien reeds vir geslagte lank die vertroue van boere wat sorg vir heilsame vleis, melk en eiers op u tafel.

Ons weet hoe.

MEADOW
More than just feed